

Hoofstuk van die dag: Markus 14

> *Nadat hulle die lofsang gesing het, het hulle uitgegaan Olyfberg toe. (vers 26)*

Hierdie hele hoofstuk vertel die verhaal van hoe Jesus in sy nood in die steek gelaat is en hoe sy lewe einde se kant toe

staan. Die priesterhoofde en skrifgeleerdes beplan sy dood; die mense naaste aan Hom mor oor die liefdesdaad van ’n vrou aan Hom; Judas beplan sy verraad; Petrus se belofte dat hy by Jesus sal staan, is net ydele woorde; in Getsemane ondersteun sy dissipels Hom nie; al die dissipels hardloop weg. Voorwaar ’n droewige prentjie.

Dis teen hierdie hartseer agtergrond dat Jesus die laaste keer die pasgamaaltyd saam met sy dissipels eet. En dan, aan die einde van die maaltyd, sing hulle die Groot Halleel (Lofsang) saam. Lees gerus hierdie lofsang in Psalm 115 tot 118, veral 116. Wat ’n aangrypende lied om in hierdie omstandighede te sing!

Die Here beskerm die hulpeloses: ek was magteloos, maar Hy het my gered. (Ps 116:6)

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026